

Die bekendmaking aan die Here

Teks: Lukas 18: 1 - 8 & Sondag 45
Teksvers: Lukas 18: 6 & 7

1. Inleiding

Nadat ons die gedeelte oor die tien gebooe in die kategismus afgehandel het. Kom ons vanoggend in die leediens by gebed, uit Sondag 45. Want uiteindelik is werk en bid in die geloof, soos twee kante van dieselfde munt. Aan beide sake moet die gelowiges baie tyd en aandag spandeer.

Wanneer het ek genoeg gebid? Is dit miskien 'n vraag waarmee U worstel vandag? Of help dit werklik dat ek aanhou bid oor 'n spesifieke saak? Verder lyk dit dikwels of almal om my se gebede verhoor word, maar nie myne nie. Bid ek nie dalk verkeerd nie? Hoekom is ek so bang om gevra te word om voor mense te bid.

Geliefdes, hierdie is vrae waarmee die gelowiges al jare lank worstel. Ook in Jesus se tyd sien ons dat selfs die binnekring, die apostels, nie mooi hierdie idee van gebed verstaan het nie. Hulle sien egter dat dit iets is waarmee hulle leermeester hom gereeld besig hou, daarom vra hulle hom dan ook uit oor gebed. Een van Sy belangrike lesse oor gebed word vir ons opgeteken in die evangelie van Lukas en ons gaan dit bietjie naderby hierna kyk. Die leerstellings wat ons hier aantref word ook vir ons in die Heidelbergse Kategismus saamgevat, in Sondag 45, maar veral in vraag 116.

2. Gebed as vernaamste gedeelte van ons dankbaarheids lewe

Daar word algemeen aanvaar dat die Heidelbergse kategismus in drie dele opgedeel word. Terloops net soos wat die die Brief aan die Romeine gedoen word. Die eerste gedeelte handel oor die sonde van die mense, die tweede gedeelte oor verlossing en die laaste gedeelte dien as

riglyne vir ons lewe van dankbaarheid. Ons tref dan ook Sondag 45 aan in hierdie gedeelte van die heidelbergse kategismus wat handel oor die riglyne vir 'n dankbare lewe. Eerstens bepaal dit ons gesindheid waarmee ons bid.

Die ou kerkvader Augustines het gesê dat gebed die asemhaling van die siel is. Dit is 'n mooi beeld wat vir ons beklemtoon hoe belangrik gebed vir ons geestelike lewe is. In kort as ons ophou bid gaan ons geestelike lewe dood. In ons teks vergelyk Jesus ons gebede met 'n weduwee se versoek aan 'n regter om reg aan haar saak teen haar teeparty te laat geskied. Weduwees was in die Bybelse tyd 'n simbool van verdrukking, dit was mense wat maklik uit gebuit kon word. Omdat mans meestal in die ekonomie betrokke was, en nie vrouens, was daar 'n probleem indien die man wegval. Dit was voor die tyd van lewensversekering en sonder 'n man om haar te beskerm was 'n vrou baie weerloos. In die omstandighede van hierdie gelykenis kon dit maklik die vrou se ondergang beteken indien hierdie regsak nie behoorlik hanteer word nie. Dit blyk ook duidelik uit die ywer waarmee sy dan die regter opsoek.

'n tweede punt is dat sy weet dat die regter die mag het om haar te help. Ons gebedslewe moet ook 'n bewys wees dat ons volle vertrouwe het, dat God ons kan en wil seën in hierdie lewe. Dit moet 'n bewys wees van ons afhanklikheid van God. En op hierdie manier ook 'n getuigenis vir die wêreld daar buite. Net soos wat mense se gesondheid aan hulle asemhaling gemeet word, moet ons ook sensitief bly dat die gesondheid van ons geestelike lewe ook aan ons gebed gemeet kan word. En al is dit waar dat ons nie graag op die straathoeke bid nie. Moet ons nogsteeds steeds self in alle eerlikheid na ons eie gebedslewe kyk. As Gebede ons siel se asemhaling is, hoe gesond is ons siel.

Jesus spreek egter nie net die noodsaaklikheid van gebede aan in hierdie gelykenis nie, Hy spreek ook tydsduur van

ons gebedslewe aan, en dit bring ons by die tweede gedeelte van die Vraag 116 naamlik :

"En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank"

3. Gebed met hartlike sugting sonder ophou

Ons gaan veral fokus op die sonder ophou gedeelte van gebed. Wanneer is 'n gelowige se gebedslewe verby? In die gelykenis word die regter vir ons uitgebeeld as 'n goddelose man wat oor niemand anders besorg is as net homself nie. Daarom luister hy ook net vir die vrou sodat hy tog nie in die openbaar verneder word nie. Later in die gelykenis word God aan ons voorgestel as die teenoorgestelde van die man. En die klem van die gedeelte val dan juis op die kontras tussen God en die man. Tog is daar die ooreenkoms tussen God en die Man dat beide aan geen gesag antwoord nie. Maar God, anders as 'n mens word nie sleg omdat Hy sonder reëls lewe nie.

Verder is daar 'n hemelsbreë verskil in die redes hoekom daar aan die versoek of gebed toegegee word. Die regter doen dit uit selfsug, maar God doen dit omdat hy aan sy uitverkorenes wil laat reg geskied. Dit word vir ons in vers 6 bevestig. Die eintlik kontinuïteit van die verhaal vind ons egter daarin dat die weduwee aanhou vra het en dat die uitverkorenes dag en nag na God roep. Daar is dus in beide gevalle iets van 'n voortdurende handeling.

Moet die gelowige nou hieruit aflei dat hy by God moet aanhou vra soos 'n stout kind wat nie die gesag van 'n ouer aanvaar nie? of dat as jy as gelowige die korrekte metode toepas dan kan God nie anders as om gehoor te gee aan jou gebed nie?

In beide hierdie punte word die punt heeltemaal gemis. God is soewerein en Hy hoef aan niemand verantwoording te gee vir sy besluite nie. Ons kan hom ook nie oorreed of paai nie.

Dit is omdat God nie ewe skielik sy genade en die Heilige Gees vir die gelowige gee wanneer hulle bid nie. God het reeds sy genade en Heilige Gees in die gelowige uitgestort.

Bid ons dan vir iets wat ons reeds het? Hierdie misterie word die beste verduidelik aan die beeld van die feit dat God vir die voëls sorg, maar hulle moet darem self vlieg en hulle kos gaan soek. Ons gebede laat die Heilige Gees in vervulling kom soos in Ef 5:18 staan "word vervul met die Heilige Gees".

Net so is die gebede en die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk nie altyd nie maar ons moet gereed wees as Hy wel werk. Daarom kan die gelowige nie bekostig om sy gebedslewe af te skeep nie. 'n biddelose hart is gesluit vir die Genade van God en die Heilige Gees. Daarom spoor die apostel Paulus ook die gelowiges aan om gereeld te bid in die meeste van sy briewe wat hy aan hulle skryf.

4. Slot

As ons nou terugkom na die vraag aan die begin, dan kan ons sê dat ons nooit genoeg gebid het nie. Die gebed van die gelowige is nooit afgehandel nie. Verder kan ons glo dat God ons werklik wil help met die probleme wat ons in gebed aan hom bekend maak. Dit het weer vir ons duidelik geword in die goeie reën wat ons onlangs ontvang het.

Maar God is sover verhef bo 'n selfsugtige mens wat maar net van 'n irritasie wil ontslae raak.

Hy wil reg aan ons laat geskied, soos dit ook duidelik gemaak word in Mattheus 7:9 tot 11. Daar staan dat 'n man tog nie aan sy kind 'n klip sal gee as Hy vir 'n brood vra nie. Die probleem is dat ons meeste van die tyd nie weet waarvoor ons vra nie.

God sal gelukkig die reg aan sy uitverkorenes laat geskied. Ons het ook duidelik gesien dat daar nie 'n metode van gebed is wat vir God meer aanvaarbaar is as 'n ander nie. Maar dit is egter duidelik dat ons moet moeite doen met gebed.

Daniel het in 'n vreemde land steeds gebeds tye gehou. Dit is 'n voorbeeld wat ons kan navolg in 'n land wat nie meer Christelik gesind is nie. Laastens is ons met reg bang om voor mense te bid omdat dit ons geestelike lewe ontbloot voor ander mense. Ons kan egter ook hierdie verleentheid 'n geleentheid maak om die evangelie uit te dra.

Laastens sluit Jesus af met die woorde "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?". Ons weet dat God sy kerk tot die einde sal bewaar, daarom kan ons hierdie woorde van Jesus sien as 'n waarskuwing maar ook 'n aansporing om in ons gebedslewe dag en nag te volhard.

Amen